



In 1974 behaal prof Eriksson die graad BSc (Geologie) aan die Universiteit van Natal (nou die Universiteit van KwaZulu-Natal). Daarna werk hy vir twee jaar as eksplorasiegeoloog vir Anglo American in Namakwaland. Hy keer in 1977 terug na die Universiteit van Natal, waar hy 'n honneursgraad in Geologie behaal, gevolg deur 'n MSc in 1979 en 'n PhD in 1984. In Julie 1982 sluit hy by die Departement Geologie van die Universiteit van Pretoria aan as Lektor, en in 1994 word hy Professor in dié departement. In 1998 word die gevorderde doktorsgraad (Dr rer nat habil) deur die Ludwig-Maximilians-Universität München in Duitsland aan hom toegeken. In Desember 2006 word hy aangestel as Hoof van die Departement Geologie aan die Universiteit van Pretoria en van Junie 2008 tot einde 2009 tree hy as waarnemende voorsitter van die Skool vir Fisiese Wetenskappe op.

Prof Eriksson was van 1982 tot 2006 betrokke by die onderrig van sedimentologie, ontleding van geologiese komme, historiese geologie en die evolusie van die aardkors; hy doseer steeds sedimentologie en komontleding. Hy is die outeur of mede-outeur van 201 wetenskaplike referate en bydraes tot boeke en was mederedakteur van twee boeke (albei in die Elsevier Science-reeks): *The Precambrian Earth: tempos and events* (2004), en *Atlas of Microbial Mat Features preserved within the Siliciclastic Rock Record* (2007). Hy ontvang sedert 1999 erkenning as een van die Universiteit se Uitnemende Akademiese Presteerders. Toekennings wat hy ontvang het, sluit die volgende in: die Medalje vir Akademiese Uitnemendheid, die Eufeensnavorsingsmedalje, die Kanselierstoekenning in die Kategorie Navorsing (al drie van UP), die Nasionale Navorsingstigting (NNS) se Presidensiële A-toekenning (2007), die Genootskapstoekenning van die Geologiese Vereniging van Afrika (2008), die Suid-Afrika Medalje van die Suider-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Wetenskap (2008), die 2009 Continental Scientist Award van die Afrika-unie en in 2010 die Lifetime Achievement Award van die National Science and Technology Forum (NSTF).

Hy is tans een van twee Hoofredakteurs van die *Journal of African Earth Sciences* en Mederedakteur van die vaktydskrifte *Gondwana Research* en *Marine en Petroleum Geology*. Hy is 'n Genoot van beide die Geologiese Vereniging van Suid-Afrika en die Royal Society of South Africa en ook lid van sowel die New York Academy of Sciences as die Wetenskapsakademie van Suid-Afrika (Academy of Science of South Africa). Hy het 'n B1-gradering van die NNS.

---

Prof Eriksson obtained the BSc (Geology) from the University of Natal (now the University of KwaZulu-Natal) in 1974, following which he worked for two years as an exploration geologist for Anglo American in Namaqualand. He returned to the University of Natal in 1977, where he obtained his honours degree in geology, followed by an MSc (1979) and a PhD (1984). In July 1982 he joined the Department of Geology at the University of Pretoria as a lecturer, becoming a professor in 1994. In 1998 he was awarded a higher doctorate (Dr rer nat habil) by Ludwig-Maximilians-Universität München, Germany. In December 2006, he was appointed Head of the Department of Geology at UP, and in June 2008 as acting chair of the School of Physical Sciences until the end of 2009.

Prof Eriksson taught sedimentology, basin analysis, historical geology and crustal evolution from 1982 to 2006, and currently lectures in the first two. He has authored or co-authored 201 scientific papers and book contributions, and has co-edited two books (both Elsevier Science): *The Precambrian Earth: tempos and events* (2004), and *Atlas of Microbial Mat Features preserved within the Siliciclastic Rock Record* (2007). He has been an Outstanding Academic Achiever of the University since 1999. Awards include: Medal for Academic Excellence, Centenary Research Medal, the Chancellor's Award in the Category Research (all from UP), the National Research Foundation President's A award (2007), the fellowship Award of the Geological Society of Africa (2008), the South Africa Medal of the Southern Africa Association for the Advancement of Science (2008), the 2009 Continental Scientist Award of the African Union, and the 2010 National Science and Technology Forum's Lifetime Achievement Award.

He is currently one of two Editors-in-Chief of the *Journal of African Earth Sciences* and Co-Editor of the journals: *Gondwana Research* and *Marine and Petroleum Geology*. He is a Fellow of the Geological Society of South Africa, a Fellow of the Royal Society of South Africa, a member of the New York Academy of Sciences and of the Academy of Science of South Africa. He has received a B1-rating from the NRF.

---

Prof Eriksson o hweditše tikrii ya gagwe ya BSc (Thutaswika/Tšeolotši) go tšwa University of Natal (yeo gabjale e bitšwago University of KwaZulu-Natal) ka 1974 gomme ka morago ga moo o šomile bjalo ka ratšeolotši wa tlhotletšo go la Anglo American go la Namaqualand. O buetše University of Natal ka 1977 mo a hweditšego tikrii ya gagwe ya honase ka tšeolotši, ya latelwa ke MSc ka 1979 le PhD ka 1984. Ka kgwedi ya Phupu ka 1982 o ile a thoma go šoma ka Kgorong ya Tšeolotši go la University of Pretoria (UP) bjalo ka mofahloši, gomme a tla a ba profesa ka 1994. Ka 1998 o ile a hwetša lengwalo la *Dr rernathabil* (lengwalo la ka godimo ga la bongaka/PhD) go tšwa Ludwig-Maximilians-Universität München go la Jeremane. Ka kgwedi ya Manthole ka 2006 o ile a bewa go ba Hlogo ya Kgoro ya Tšeolotši go la University of Pretoria, gomme ka kgwedi ya Ngwatobošego ka 2008 a ba modulasetulo wa motšwaoswere wa Sekolo sa Thutamahlale a Sebopego/Fisika go fihla mafelelong a 2009.

Prof Eriksson o rutile thutatlhamegomobu (sedimentholotši), tshekatsheko ya tša melapo(basin analysis), histori ya tšeolotši le phetogo ya bogogo go tloga ka 1982 go fihla ka 2006 gomme gabjale o ruta tše pedi tša mathomo tšeo di boletšwego. O ngwadile a ba a thuša go ngwala dipampiri tša saense tše 201 le go tsenya letsogo mo go ngwaleng ga dipuku, gomme o thušitše go rulaganya dipuku tše pedi (bobedi e le tša Elsevier Science) e lego *The Precambrian Earth: tempos and events* (2004) le *Atlas of Microbial Mat Features preserved within the Siliciclastic Rock Record* (2007). O bile Moatlegi wa go Fetiša ka thuto (*Outstanding Academic Achiever*) wa Yunibesithi go tloga ka 1999. Difoka di akaretša: Medale wa Bokgoni bja Thuto ka go fetišiša, Medale wa Dinyakišišo tša Ngwagakgolo, Sefoka sa Mokhanseliri ka tša Dinyakišišo (ka moka di tšwa UP), Sefoka sa Mopresidente wa Setheo sa Dinyakišišo sa Bosetšhaba(*National Research Foundation*) (2007), Sefoka sa Setswalle sa *Geological Society of South Africa* (2008), Medale wa Afrika-Borwa wa *Southern African Association for the Advancement of Science* (2008), Sefoka sa Ramahlale wa Kontinente wa African Union sa 2009, le Sefoka sa Bophelo ka moka sa Foramo ya Bosetšhaba ya Thutamahlale le Theknolotši.

Gabjale ke morulaganyimogolo wa *Journal of African Earth Sciences*, le morulaganyimmogo wa ditšenale tše: *Gondwana Research* le *Marine le Petroleum Geology*. Ke mogweraleloko wa *Geological Society of South Africa*, mogweraleloko wa *Royal Society* ya Afrika-Borwa, leloko la *New York Academy of Sciences* le *Academy of Science* ya Afrika-Borwa.